*P.W. Buys*

# WAT WIL DIE APOLOGETIEK?

## INLEIDING

Oor die Apologetiek bestaan daar veel verwarring. "Men krijgt het gevoel, alsof men de hand gestoken heeft in een wespennest. Geen enkel vak der godgeleerdheid toont zulk een beeld van volslagen wanorde als dit" (Hepp, 1922, p. 16).

So erg is die verwarring dat Wernle (Einführung in des theologische Studium, p. 14 – aangehaal deur Hepp, 1922, p. 16) 'n reusagtige brandstapel wil oprig en alle apologetiese literatuur daarop wil verbrand!" „Want letterlijk over niets denken de beoefenaars der apologetiek onder elkander eenstemmig, over begrip noch objekt, over taak noch methode, over de verhouding tot de filosofie noch over encyclopaedische plaats in de theologie" (Hepp, 1922, p. 16).

Dit laat die vraag ontstaan: Wat wil die Apologetiek?

Om hierdie vraag sinvol te beantwoord moet tussen nie-Gereformeerde en Gereformeerde Apologetiek onderskei word. Die doel van hierdie artikel is om krities te kyk na wat die nie-Gereformeerde Apologetiek as sy doel beskou en daarna teties te stel wat die Gereformeerde Apologetiek as sy taak aanvaar. In hierdie ondersoek word dankbaar voortgebou op die inougurele redes van V. Hepp en S.P. van der Walt, wat albei oor hierdie onderwerp handel.

### Nie-Gereformeerde Apologetiek

In die nie-Gereformeerde wêreld word onder Apologetiek in die algemeen verstaan die wetenskap wat trag om gronde te verskaf vir die geloof in God, Christus, die Bybel en aan die kerk. Die geloof aan die kerk is vir veral nie-Katolieke soms minder ter sake, en sedert die Aufklärung (18de eeu) word die geloof aan die Bybel veelal ook nie as so belangrik beskou nie.

Die basis van hierdie Apologetiek word gesoek in die rede, die gewete, die geloofservaring, die oorlewering, die indruk wat die unieke mens Jesus van Nasaret gemaak het (Encyclopaedia Britannica, 1929, deel 2, p. 114).

'n Vlugtige oorsig van die geskiedenis van die nie-Gereformeerde Apologetiek sal bostaande stelling hopelik illustreer.

**Geskiedenis van die nie-Gereformeerde Apologetiek**

**Schleiermacher**

Volgens Hepp (1922, p. 51) het 'n Duitse wetenskaplike, Planck, in 1794 die naam Apologetiek heel eerste gebesig. Maar Schleiermacher (geb. 1768) was die skepper van Apologetiek as teologiese dissipline. In sy eerste boek, getiteld "Ueber die Religion: Reden an die Gebildeten unter ihren Verächtern", begin hy met 'n hoofstuk wat getitel is: "Apologie".

Schleiermacher was die eerste wat in sy teologiese sisteem 'n ereplek vir die Apologetiek as vak ingeruim het. Hy het Apologetiek onder "filosofiese teologie" geplaas, wat volgens hom die wortel van die hele teologie was. Volgens Hepp (1922, p. 19) was Schleiermacher se Apologetiek nie antiteties nie maar teties, uiteensettend. Dit het veel meer 'n filosofiese as 'n teologiese karakter en moet ondersoek doen na die wese van die Christendom en die Protestantisme. Dit moet die wese van die vroomheid en van vroom gemeenskappe in samehang met die orige werksaamhede van die menslike gees as die wese van die Christendom in teëstelling met ander geloofsvorme en kerke aandui.

Schleiermacher se Apologetiek het die volgende trekke:
Eerstens is dit nie antiteties, bestrydend, nie maar teties, uiteensettend.
Tweedens dra dit 'n filosofiese meer as wat dit 'n teologiese karakter dra, al is dit by Teologie ingedeel.
Derdens is die taak van die Apologetiek nie om te bewys nie maar om te fundeer. Op die Apologetiek word die hele Dogmatiek, ja, die hele Teologie gebou.
Vierdens vind die Apologetiek sy gronde in die ervaring en die vroomheid en nie noodwendig in die Heilige Skrif nie, dus: ervaringsteologie eerder as openbaringsteologie.
Vyfdens, hoewel Jesus van Nasaret en sy volbragte verlossing in die sentrum van die ervaring staan, hou die ervaring tog verband met die hele geestes-

lewe van die mens.
Sesdens, die Christelike religie is nie eksklusief en absoluut nie maar val onder die algemene begrip *religie* en pretendeer alleen relatiewe voortreflikheid.
Ten slotte, daar is geen objektiewe Godskennis nie – alles is aan die subjektiewe ervaring geleë.

**Biblisistiese Apologetiek**

Schleiermacher het die Skrif na die agtergrond gedring en die ervaring na vore. Die Biblisistiese rigting van Bengel, Oetinger, Beck en Kübel probeer herstel aanbring. Hulle maak hulle soveel moontlik los van refleksie oor die Skrif soos in die belydenisskrifte vervat en stel met behulp van Schleiermacher se metodes en prinsipes 'n Bybelse teologie saam. Dit was 'n rigting sonder enige vitaliteit wat in sy eie bedding versand het.

Die gevaar van die Biblisisme was veelal hierin geleë: die kreet "terug na die Bybel!" is dikwels aangehef deur diegene wat nie meer met die belydenis van hulle kerk saamgestem het nie en so vryheid vir hulle eie menings gesoek het en dit as in ooreenstemming met die Bybel aangedien het. Biblisisme vergeet dat dit nie moontlik is om *tabula rasa* na die Skrif te gaan nie maar dat 'n mens se Skrifbeskouing by voorbaat al klaar deur huislike agtergrond, opvoeding, lewensmilieu gekleur is. Wat hulle as "Bybels" aangedien het, het dikwels agterna geblyk minder Bybels as die belydenisskrifte te wees, soms heeltemal onbybels.

**Konfessioneel Schleiermacheriaanse Apologetiek**

Hierdie rigting van Philippi, Thomasius, Hoffman, Luthardt, Villmar, Tholuck en Van Oosterzee het die ander weg opgegaan en juis die denkbeelde van Schleiermacher met die belydenisskrifte probeer versoen. Volgens Van Oosterzee is die apologetikus gelukkig as hy in die hart en gewete van sy teëstander 'n bondgenoot ontmoet. Die apologetikus moet die sedelikgodsdienstige aanrakingspunt met die opponent soek en vind, anders is die beste apologie magteloos en vrugteloos. Waar so 'n aanrakingspunt gevind is, word die apologetikus deur gesonde taktiek gebied om by die voer van die stryd „echt liberaal, maar niet liberalistisch: rationeel, maar niet rationalistisch; tolerant, maar niet indifferentisch; humaan, maar niet humanistisch; irenisch maar niet syncretistisch gezind te zijn en te werk te gaan" (Practische Teologie, II, p. 380 – aangehaal deur Hepp, 1922, p. 20). Volgens Hepp (1922, p. 21) beroep Van Oosterzee hom op 'n uitspraak van

Tholuck: „Um zu wissen was man preiss geben kann, muss mann wissen was man besitzt". Dit het die sleutelnoot van die konfessioneel Schleiermacheriaanse Apologetiek geword: „preisgeben". Daarmee is alles as relatief en subjektief voorgestel en het verdraagsaaamheid allengs op verloëning van die eie standpunt uitgeloop.

### Liberale Apologetiek

Sack met sy *Christliche Apologetik* (1829) was die leidende gestalte in die Liberale Apologetiek wat nadruk lê daarop dat Schleiermacher steeds 'n rapport wou hê tussen religie en die algemene geesteslewe van die mens, waartoe ook sy intellek behoort. Die rede-element het hom weer kragtiger laat geld. Dit is verbind met die laat agtiende-eeuse Supranaturalisme met sy drie-eenheid God-Deug-Onsterflikheid. Hierdie kombinasie het merkwaardigerwys tot die eerste wetenskaplike Apologetiek, nl. die van Sack, aanleiding gegee. Later was daar ook invloed van Hegelse spekulasie. Grondwaarhede van die Christendom is omgesit in filosofiese begrippe wat alle Christelike karaktertrekke verloor het! Growwe, meedoënlose kritiek teen alles wat Christelik is, het in die Christelike Apologetiek vrye spel gekry! Dit het wel geskyn asof Schleiermacher ten dode opgeskryf is (Hepp, 1922, p. 21). Die Apologetiek was in 'n krisis wat hy self geskep het.

### Ritschl

In hierdie krisis tree Ritschl (geb. 1822) na vore. In sy *Rechtfertigung und Versöhnung* (1889) sny hy die tafeldoek tussen religie en teologie enersyds en natuurwetenskap andersyds deur. Die religieuse ervaring word by hom, net soos by Schleiermacher, die grondslag van sy teologie. Die Apologetiek, veral van die Liberale Skool, was vir hom te filosofies georiënteer. Die inhoud van die Christelike geloof word vir hom tot die ervaarbare beperk.

Die invloed van Ritschl leef in sy skool ná by Hermann, Harnack, Kaftan, Kattenbusch, Loofs, Reischle, Siebeck, Häring en duur voort tot in die eerste dekades van die twintigste eeu.

In 1922 verklaar Hepp (p. 22): "Zoo loopt de apologetiek, mede door tusschenkomst van RITSCHL, nog altijd rond in den doolhof, waarin SCHLEIERMACHER haar had gezonden. Noch altijd is haar wachtwoord: 'begründen'".

**Barth**

Die teologiese denke van Barth (geb. 1886) is één magtige teëgreep om die Teologie aan die greep van Schleiermacher te ontworstel. Barth met sy dialektiese teologie het reeds al 'n voorloper in Kierkegaard (geb. 1813), vader van die Eksistensialisme. Barth het finaal 'n einde gemaak aan alle teologie wat homself in die Christelike religieuse ervaring wil fundeer. Daarmee wys Barth die Apologetiek as wetenskap wat aan die Dogmatiek voorafgaan en eers die waarheid van die Christelike godsdiens moet fundeer, die deur en verban dit heeltemal uit die Teologie. Barth bestry nie die suiwer metodiese wetenskaplikheid van die Teologie nie. Maar vir hom bly elke poging om die Christelike geloof rasioneel vanselfsprekend te maak 'n afwyking van die eis om voor die dwaasheid van die kruis (1 Kor. 1:8) onvoorwaardelik gelowig te buig. Dit het tot 'n nuwe opvatting van die taak van die Apologetiek gelei.

**Die jongste ontwikkeling**

In die nie-Gereformeerde teologiese wêreld behou die Apologetiek na Barth sy plek in die sisteem van die Teologie deur die verbinding van die hermeneutiese en missionêre taak van die prediking. Die prediking moet sorg dra dat die Christelike boodskap by die mense uitkom. Nou is dit die taak van die Apologetiek om die werklikheid en waarheid van die verkondigde evangelie teologies wetenskaplik te bevestig en te waarmerk. Met ander woorde wat vroeër by voorbaat gedoen moes word, moet nou by nabaat gedoen word! Daarom moet die Apologetiek hom teen die dinge rig wat „gegenüber das Wort Gottes" gestel word (Doerne). Daarmee bly die tradisionele probleem: geloof en verstaan, openbaring en natuurwetenskaplike kennis. Maar nou gaan dit volgens Lohff (1957, p. 729) nie meer daarom om die geheel of 'n deel van die Christelike waarhede wetenskaplik aanvaarbaar te maak nie, maar om die Christelike geloofseis in die ontmoeting met die geestelike werklikheid van die mens as 'n sinryke en verstandige eis aan te dui.

Daar is veral twee temas wat in die eietydse Apologetiek 'n rol speel:

**Teologiese Antropologie**

Apologetiek moet die werklikheid van die mens onder die Godsoordeel aandui en met nie-Christelike mensbeelde konfronteer. Dit moet aantoon hoe die mens in sy wesenlike bestaan deur die Woord van God getref word en daardeur tot 'n vervulling van sy wese kom. Dit moet verder die terughou-

dendheid van die mens teenoor die openbaring in 'n kritiese ondersoek van die eiemagtige verstand probeer verklaar.

### Teologiese werklikheidsleer

Vanuit die Antropologie moet die werklikheid wat die mens altyd omring, in sy struktuur opgehelder en teologies beoordeel word. Hierdie ontologiese arbeid moet saam met die nie-Christelike werklikheidsverklaring geskied, al is laasgenoemde van religieuse, wetenskaplike of filosofiese oorsprong. As die Apologetiek van die belydenis uitgaan dat die Logos wat Hom in Christus geopenbaar het, die afdoende antwoord op die vraag na die Logos van die syn is, sal hy moeite doen om aan te toon in hoeverre die werklikheid deur die nie-Christelike verklarings verduidelik word en in hoeverre hulle nog daarin te kort skiet.

Die Apologetiek moet ten slotte die probleme wat deur die verklarings van die moderne wetenskap ontstaan, so bejeën dat dit die verklarings in die geheel van sy werklikheidsbegrip die plek wat daaraan toekom, sal aanwys en hulle daarmee in die werklikheidsbegrip self terugneem. Dit geld sowel vir die natuurwetenskap (K. Heim) as vir die geskiedeniswetenskap (Tillich, Ebeling). Die grondstelling van alle apologetiese arbeid volgens evangeliese geloofsbegrip is dus dat dit nie die mens demonstrerend na die Woord van God moet heenlei nie maar juis, omgekeerd, hom as in sy werklikheid deur die Woord van God betrokke sal aanwys, waarby die verantwoordelikheid van 'n geloofsbeslissing nooit weggeneem word nie.

### Kritiese Terugblik

Uit hierdie historiese oorsig is een ding duidelik, en dit is dat niks duidelik is nie. Ten opsigte van die taak van die Apologetiek was dit sedert die ontstaan van Apologetiek as teologiese dissipline 'n geval van soveel hoofde, soveel sinne.

Die grondfout van die nie-Gereformeerde Apologetiek is dat dit die volle lig van die besondere openbaring van God deur middel van die skemerlig van die algemene openbaring wil kontroleer en bestudeer. Dis so goed asof 'n mens 'n kers opsteek om te kyk of die son skyn. In die tyd van die *Aufklärung* het die Teologie so in voorafgaande apologieë opgegaan dat die Christelike religie allengs teen sy apologete beskerm moes word! Die apologie wat aan die natuurteologie ontleen is, het steeds die Teologie voorafge-

gaan — en dit verduister! So was daar beurtelings (as prolegomena vir die Teologie) die volgende natuurteologiese apologieë: 'n astroteologie wat die bewys van 'n algoeie, alwyse, almagtige God uit die bestaan van die sterre wou verskaf; 'n hidroteologie wat dieselfde uit die bestaan van water wou doen, en so op die ry af met dieselfde doel 'n piroteologie (vuur), litoteologie (klippe), insektoteologie (insekte), testaceoteologie (slakke en mossels), chionoteologie (sneeu), phytoteologie (die plante), petinoteologie (voëls), brontoteologie (donder en bliksem), akridoteologie (sprinkane) (Hepp, 1922, p. 18).

Met Hepp (1922, p. 23) kan gekonkludeer word: "Het is daarom harde noodzaak een apologetiek van den grond af op te bouwen. Wel kunnen daarbij motieven uit bestaande apologetieken worden overgenomen, maar dan moeten zij ook van het nieuwe principe doortrokken worden. De apologetiek behoort fundamenteel anders te worden beoefend.

Jammer dat wij in onze Gereformeerde theologie zoo weinig vinden, dat daarbij dienen kan. Niet alleen, dat de apologetiek als afzonderlijk vak van theologische studie onverzorgd bleef, maar ook de apologie als geloofsverdediging werd wetenschappelijk slechts in zeer beperkte mate gevoerd. En naar mijn overtuiging is dat een fout geweest, welke zich in de historie onzer theologie en kerk ernstig heeft gewroken".

Is die eietydse verwording in die Nederlandse Gereformeerde Teologie nie deels daaraan toe te skrywe nie dat die apologetiese taak van die Teologie plek gemaak het vir gesprek, dialoog, waarin nie meer antitese nie maar solidariteit die modewoord geword het.

### Gereformeerde Apologetiek

Na die afwysing van die nie-Gereformeerde Apologetiek kan die vraag met reg gestel word: Wat wil die Gereformeerde Apologetiek? Is dit moontlik om vir hierdie teologiese dissipline uit die Skrif 'n taak af te lei? Dit lyk my die enigste verantwoorde weg. Hier volg 'n paar padwysers in hierdie verband.

### Naam

Die naam Apologetiek is afgelei van die Griekse woord
*Apologeomai* — ek praat ter verdediging (veral in 'n hofsaak).

(*Apologia* is 'n toespraak ter verdediging.)

Die woord *apologia* kom op talle plekke in Nuwe Testament voor: Hand. 22:1; 25:16; 2 Tim. 4:16; 1 Kor. 9:3; 2 Kor. 7:11; Fil. 1:7, 17; 1 Petr. 3:15.

In die Nuwe Testament het *apologia* die betekenis van mondelinge verdediging van die evangelie, verantwoording doen van die geloof wat op die evangelie gebaseer is, en daarmee implisiet die weerlegging van die dwaalleer.

**Begrip en taak**

Die dwaalleer is altyd die werk van die Bose.

Satan is die vader van die leuen (Joh. 8:44). Hy verdraai die Woord van God (Gen. 3:1). Hy val selfs Christus met Bybeltekste aan (Matt. 4:6). So was dit deur die eeue. Paulus voorspel: "Daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in die gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels" (2 Tim. 4:3, 4).

Hierteenoor stel die apostel: "Verkondig die woord; hou aan, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering" (2 Tim. 4:2). Die gelowiges en insonderheid ampsdraers het die roeping om die dwaling te weerlê.

Daarin het die apostels en andere die voorbeelde gestel deur telkens 'n *apologia* vir die evangelie van Christus te lewer: Petrus op Pinksterdag teenoor die aanklag dat hulle vol soet wyn is (Hand. 2:14-36); Stefanus, die eerste martelaar (Hand. 7); Petrus se verantwoording oor die doop van Cornelius (Hand. 11); Paulus se verdediging voor die volk (Hand. 22), voor die Joodse Raad (Hand. 23), voor Felix (Hand. 24) voor Agrippa (Hand. 25, 26); so ook Paulus in sy briewe – veral Galasiërs en Kolossense.

Die kerk het dus by monde van alle gelowiges en insonderheid die ampsdraers die roeping om die dwaling te weerlê. So word dit in die Bevestigingsformulier van predikante vervat: "Met die Heilige Skrif moet alle dwalinge en ketterye wat met die suiwere leer in stryd is, weerlê word".

Die weerlegging van die dwaalleer kan op naïewe, spontane wyse in die getuienis van gelowiges plaasvind. Maar dit moet ook op wetenskaplike wyse in die Teologie gedoen word, veral omdat die dwaalleer dikwels wetenskaplik geformuleer is.

Die wetenskaplike weerlegging van die dwaalleer – dis die taak van die Apologetiek of, anders gestel: die handhawing van die Gereformeerde dogma teenoor die dwaalleer.

Daar moet tussen apologie en Apologetiek onderskei word. 'n Apologie is die weerlegging van 'n enkele dwaling. Apologetiek is die samehang van apologieë – soos Dogmatiek die samehang van dogmas is en sistematiek en problematiek die samehang van sisteme en probleme. In die Apologetiek moet die apologieë volgens wetenskaplike metodes op wetenskaplike standaard wees.

In 'n sekere sin het elke teologiese dissipline sy eie apologetiese taak. Die Apologetiek kan moeilik alle dwalings en dwalinkies wat by die Eksegese, die Kanoniek, die Homiletiek ensovoorts insluip, een vir een weerlê. Dit sou ook interdissiplinêre grensoorskryding meebring. Die Aplogetiek rig hom veral op die gesistematiseerde dwalings, die -ismes, bv. Rooms-Katolisisme, Metodisme, Pentakostalisme, Neo-Marxisme. Dis sy taak om uit Skrif en Belydenis hulle grondfoute aan te toon en vanuit Skrif en Belydenis te weerlê.

Om dit te kan doen moet die Apologetiek natuurlik deur 'n gespierde Gereformeerde Dogmatiek gerugsteun word. Die Dogmatiek moet die uiteensetting van die Skrifwaarheid gee. Die Apologetiek moet die waarheid teenoor die dwaalleer handhaaf.

**Slotsom**

Die taak van die Apologetiek is nie om die aanvaarbaarheid van die Skrifwaarhede vanuit die ervaring te bewys soos talle nie-Gereformeerde teoloë dit wil nie. Die taak van die Gereformeerde Apologetiek is om die waarheid van Skrif en Belydenis teenoor die dwaalleer te handhaaf en te verdedig. In hierdie laaste kwart van die twintigste eeu met sy dwalings wat tot sisteme uitgegroei het, het die Gereformeerde Apologetiek 'n ontsaglike taak.

## BRONNE

BAVINCK, H. 1906. Gereformeerde Dogmatiek, I. Kampen, Bos.

EBRARD, J.H.A. 1886. Apologetics, I. Translated by W. Stuart & J. MacPherson. Edinburgh, Clark.

The Encyclopaedia Britannica. 1929. London, The Encyclopaedia Brittanica Company.

HEPP, V. 1925. Apologetiek. (*In* Grosheide, F.W. e.a. Christlijke Encyclopaedie voor het Nederlandsche Volk, I. Kampen, Kok.)

HEPP, V. 1922. Gereformeerde Apologetiek. Kampen, Kok.

KUYPER, A. 1909. Encyclopaedie der heilige Godgeleerdheid, III. Kampen, Kok.

LOHOFF, W. 1957. Apologetik. (*In* Buchberger, M. Lexikon für Theologie und Kirche, I. Freiburg, Herder.)

REID, J.K.S. 1969. Christian Apologetics. Grand Rapids, Eerdmans.

RICHARDSON, A. 1948. Christian Apologetics. London, S.C.M.

SCHULTZ, H. 1902. Grundriss der christlichen Apologetik. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht.

VAN DER WALT, S.P. 1955. Gereformeerde Apologetiek, sy taak en terrein. Potchefstroom, Die Westelike Stem.

***